Kortasem kan dié langasem nie uit Twee Oseane hou

LE ROUX SCHOEMAN
Kaapstad

As jy die Twee Oseane-halfmarathon in meer as twee uur hardloop, is daar 'n goeie kans dat 'n skraal man met 'n hengse hoes Saterdag iewers langs die pad verby jou sal stoom.

In 2004, "die jaar toe dit so gereën het", het Paul Dolman só gehyg en gehoes dat 'n dokter wat ook aan dié wedloop deelgeneem het, aan hom gesê het dit is onwys om met brongitis te hardloop.

Toe Dolman aan die drawwende dokter sê dat hy nie brongitis het nie, maar wel sistiese fibrose (SF), het dit die dokter byna in sy spore gestuit, vertel Dolman.

Maar hoekom sal iemand met 'n kwaal wat hom met slegs sowat 35% van sy longkapasiteit laat, onder meer weens die produsering van abnormaal onvloeibare mukus, die wêreld van padwedlope aanpak?



Paul Dolman Foto: VERSKAF

"Hardloop hou my geestelik gesond. Ek het altyd doelwitte nodig," het die 36-jarige Dolman van Potchefstroom, wat oor sowat ses weke boonop aan die Comrades-marathon sal deelneem, gesê.

SF is 'n oorerflike siekte en dokters het aanvanklik Dolman se lewensverwagting op slegs agt jaar geskat. Volgens hom het die behandeling van dié toestand egter ingrypend verbeter.

Hy bring jaarliks tussen agt en tien weke in 'n spesialisafdeling van 'n Johannesburgse hospitaal deur vir behandeling en is terdeë bewus van die onvoorspelbare gesondheid wat sy toestand meebring.

"Daar is vroeër vanjaar 'n bloedklont by my gediagnoseer, en dit is hoekom ek nie vanjaar die volle Twee Oseane-marathon (56 km) kan hardloop nie."

Hoewel Dolman trots vertel dat hy net vir homself hardloop, sal hy danksy 'n borgooreenkoms met die mediese fonds Bonitas Saterdag geld insamel vir die Suid-Afrikaanse Sistiese Fibrose Trustmaatskappy, wat hy saam met ander gestig het.

Dolman se draf-CV is voorwaar iets wat jou na jou asem laat snak. Dit sluit in drie Comrades-marathons, waarvan hy twee voltooi het.

Hy het ook al die "volle" Twee Oseane-marathon voltooi, asook die Londen-marathon, wat hy meer as 'n rondkykgeleentheid benader het, vertel Dolman, wat 1,75 m in sy drafsokkies staan, maar net 60 kg weeg weens die afbrekende aard van sy toestand. Hy sien geweldig uit na Saterdag se pragroete, maar skerts dat hy, as werknemer van Eskom, *danger pay* kry as hy Kaap toe kom.